Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

DIE SHABBAT

LES 5: DIE SHABBATSGEBOD: GROOT EN ROEMRYK

Inleiding

1. Jesaja hoofstuk 42 is 'n profesie aangaande Yeshua Messias as Kneg van YHVH. Ons lees ondermeer die volgende in hierdie profesie:

   Dit het YHVH behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing groot en heerlik te maak. Jes. 42:21.

   Die vertaling in Woord en Getuienis lees soos volg: *Dit het Yahweh behaag ter wille van sy geregtigheid om die Torah groot en roemryk te maak*. Terwyl die Complete Jewish Bible dit soos volg vertaal: *Adonai was pleased, for His righteousnesss' sake, to make the Torah great and glorius*.

2. Hiervolgens is dit duidelik dat Yeshua Messias gekom het om die Torah (die wet) groot en roemryk te maak. Dit het die Vader behaag om die Torah te verheerlik (te verhef en op te lig) en dit majestueus (van groot omvang) deur Yeshua te maak, want Hy is die Torah wat vlees geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1:1 en 14). Torah is die onderrig, instruksies en die wysheid van YHVH. Daarom het dit YHVH behaag om die onderwysing (onderrig, instruksies en wysheid) van Torah deur Yeshua Messias groot en heerlik (roemryk) te maak, want Torah is YHVH se geregtigheid. Yeshua het daarom gekom om Torah (die wet) te vervul, naamlik om dit groot en roemryk te maak deur dit te bevestig, te bekragtig, volledig en vol te maak (Strong's G4137) en **nie om dit tot niet te verklaar nie** (te ontbind of af te breek nie – Strong's G2647).

3. Met Jes. 42:21 in gedagte is die ware betekenis van die woorde van Yeshua soos opgeteken in Matt. 5:17 en 18 soveel duideliker:

   Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

4. Yeshua het dit ook duidelik gestel *dat elkeen wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele* (Matt. 5:19).

5. Die Torah, naamlik YHVH se onderrig en instruksies, is Sy geregtigheid, want dit onderrig ons (leer ons) hoe om in die regte verhouding met die Vader te leef nadat ons sondevergifnis ontvang het. Wanneer ons deur geloof in die sondevergifnis deur Yeshua Messias regverdig verklaar word (2 Kor. 5:21), moet ons as geregverdigdes (vrygespreektes) leef. Dit beteken om te lewe volgens YHVH se geregtigheid en daarom moet ons Sy geregtigheid ken. Indien ons nie YHVH se geregtigheid ken nie, gaan ons, ons eie geregtigheid oprig. Eie geregtigheid is sonde, want dan leef ons nie volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah, die wet) nie!! Dan minag ons Torah. In die verband skryf Paulus die volgende:

   Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Rom. 10:2 en 3.

6. In die lig hiervan is dit duidelik waarom Yeshua gesê het:

   Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. Matt. 5:20

   Die doel van die Torah is die openbaarmaking van Yeshua Messias as die geregtigheid van YHVH vir elkeen wat glo (Rom. 10:4). Daarom moet ons die geregtigheid van YHVH ons Vader ken en alleenlik volgens Sy geregtigheid lewe en nie soos die skrifgeleerdes en Fariseërs ons eie geregtigheid bepaal nie.

7. Yeshua Messias het hier op aarde volgens YHVH se geregtigheid gelewe. Hy het YHVH, Sy Vader, se gebooie gehoorsaam. Dit het die shabbatsgebod ingesluit en daarom is Yeshua ons voorbeeld.

   *As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly**, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar** en in sy liefde bly*. Joh 15:10.

8. Yeshua het gekom om onderrig in Torah (die wet) te gee en sodoende YHVH se geregtigheid te bevestig. Hy het gekom om sekere verdraaide opvattings van Torah reg te stel. Op dié wyse is die Torah groot en roemryk deur Yeshua gemaak.

Die Shabbat As Voorbeeld

1. Die shabbatsgebod is ‘n uitstaande voorbeeld van hoe Yeshua Messias die Torah groot en roemryk gemaak het. In die vorige les (Les 4) van hierdie studie het ons geleer dat die Fariseërs talle mensgemaakte wette by die Torah en ook die shabbatsgebod gevoeg het, tot so ‘n mate dat die shabbat ‘n las vir die mens geword het. Daarom het Yeshua die Fariseërs getugtig deur van hulle te sê:

   Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie. Matt. 23:4.

2. Yeshua het egter gekom en die shabbat herstel tot die doel waarvoor die shabbat gemaak is. Hy het die shabbat vrygemaak van al die mensgemaakte wette en op dié wyse bevestig dat die shabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die shabbat nie (Mark. 2:27), asook dat Hy die Meester (Here) van die shabbat is (Matt. 12:8).

3. Yeshua het dus die shabbatsgebod groot en roemryk gemaak. Hy het nie die shabbatsgebod afgeskaf (ontbind), of die doel van die shabbat gewysig nie. Nee, Hy het die shabbatsgebod kom vervul deur dit te herstel en te herbevestig sodat dit weereens vir die mens ‘n vreugde kan wees soos wat dit van die begin af bedoel was.

4. Deur die lewe en lering van Yeshua het Hy die shabbat teruggeplaas in die plek wat dit in YHVH se skepping moet inneem. Hy het dit herstel (hervorm) tot ‘n dag van rus, aanbidding, danksegging en welwillendheid (liefdadigheid). Deur dit te doen het Yeshua die hart van Torah vervul, naamlik:

   Jy moet YHVH jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Matt. 22:37 tot 39.

5. Deur die shabbatsgebod te hou, het Yeshua bewys dat Hy die Vader waarlik liefhet.

   As julle My liefhet, bewaar my gebooie. Joh 14:15.

   Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh 14:21.

   Yeshua antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Joh 14:23.

   Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. Joh 14:24.

6. Deur die siekes op die shabbat te genees (Matt. 12:10; Mark. 3:4; Luk. 6:6; Luk. 13:14; Luk. 14:13; Joh. 5:9; Joh. 7:23; Joh. 9:14), het Yeshua bewys gelewer dat Hy Sy naaste liefhet soos Homself. Hy het bevestig dat die shabbat ingestel is om as seën vir die mens te wees. Sodoende het Hy ook bevestig dat die Fariseërs se siening dat jy nie op shabbat die siekes gesond mag maak nie, verkeerd was en nie die wil van YHVH is nie.

Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Rom 13:9.

Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Gal 5:14.

Die shabbat moet gedenk en afgesonder (geheilig) word en welwillendheid teenoor jou naaste (en dier) is ook deel daarvan.

Die Shabbat is vir die Mens Gemaak

En Hy sê vir hulle: Die shabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die shabbat nie.
Mark. 2:27

1. Die mens is eers geskape en toe het YHVH die shabbat vir die mens se geestelike-, siels- en liggaamlike welsyn gemaak. Om die shabbat te gedenk deur dit te heilig (af te sonder) is om op hierdie dag:

   - Te rus van daaglikse arbeid, asook te rus van die sorge van die lewe. Dit het ‘n heilsame uitwerking op siel en liggaam.
   - Geestelik vernuwe te word deur ‘n dag waar alles opsy gesit word om in die teenwoordigheid van die Vader deur te bring. Dit is ‘n staande afspraak wat die Vader met Sy kinders het.
   - Eer te betoon aan die Skepper, Bewaarder, Weldoener en Verlosser soos in Yeshua Messias aan ons betoon word. ‘n Dag van danksegging vir YHVH se genade, liefde en voorsiening deur Yeshua Messias.
   - Om te sien na die belange van ons naaste en welwillendheid te betoon.

2. Aangesien die shabbat vir die mens se algehele welsyn is, moet die wyse wat die shabbatsgebod interpreteer en toegepas word nie strydig hiermee wees nie. Die wyse wat die shabbat dus gedenk word moet nie indruis teen die welsyn van die mens nie. Daarom is dit nie vir ons welsyn om op die shabbat te arbei of enige persoonlike belange na te volg nie, want dan kan ons nie die seën van die shabbat deelagtig wees nie.

Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. Joh. 14:24.

3. Die shabbat is ‘n vreugde en nie ‘n las nie!! Dit is die dag wat by uitstek deur YHVH afgesonder is om tot die welsyn van die mens te wees. Geen ander dag van die week hou hierdie belofte tot dieselfde mate in nie.
4. Wanneer ons die shabbat gedenk deur dit af te sonder (te heilig), het ons deel daaraan om Torah groot en roemryk te maak. Dit behoort vir ons ‘n vreugde te wees, want dit het ons Vader behaag om ter wille van Sy geregtigheid Sy Torah deur Yeshua Messias groot en roemryk te maak.

Paulus en die Shabbat

1. Aangesien Paulus die evangelie aan die nie-Jode (heidene) verkondig het, is dit belangrik om te weet of hyself die shabbatsgebod onderhou het. Ons lees in Hand. 17:1 en 2 die volgende:

   Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar ‘n sinagoge van die Jode was. En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie shabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte.

   Soos Yeshua (Luk. 4:16) het Paulus dus ook volgens sy gewoonte op die shabbat na die sinagoge gegaan.
2. Tydens Paulus se verblyf in Korinthe het hy ook **elke shabbat** na die sinagoge gegaan om daar met die Jode en Grieke te spreek (Hand. 18:4). Dit het Paulus vir 18 maande lank gedoen (vers 11), naamlik vir minstens 74 shabbatte. Paulus het dus vir minstens 77 shabbatte in die sinagoges gepreek. Ons lees egter net van een keer wat Paulus op die eerste dag van die week saam met die dissipels vergader het en hulle toegespreek het (Hand. 20:7). Die enigste sinvolle gevolgtrekkring wat hieruit gemaak kan word, is dat Paulus die shabbatgebod eerbiedig het. Handelinge 21:24 bevestig dat Paulus Torah onderhou het.
3. Ons lees ook nêrens dat Paulus die mense geleer het dat die shabbatsgebod opgehef is nie. Die bekeerlinge het ook op die aanbeveling van die apostels en die ouderlinge wat in Jerusalem vegader het op die shabbat na die sinagoge gegaan om die wet te hoor (Hand. 15:20 en 21).
4. Kan daar hoegenaamd nog enige twyfel bestaan oor die shabbatsgebod wat steeds vir die gelowige in Yeshua Messias geld? Daar is meer as voldoende bewys dat Sondag nie die shabbat vervang het nie.

Bepeins of Bespreek die Volgende

1. Wat sal die gevolg wees indien elke mens een keer per week ‘n hele dag spandeer om:

- ❖ Te rus van sy daaglikse arbeid, asook te rus van die sorge van die lewe.
- ❖ In die teenwoordigheid van YHVH die Almagtige deur te bring en Sy aangesig te soek.
- ❖ Eer te betoon aan die Skepper, Bewaarder, Weldoener en Verlosser soos in Yeshua Messias aan ons betoon word.
- ❖ Om te sien na die belange van sy naaste en welwillendheid (liefdadigheid) te betoon.

Sal ons nie 'n samelewing wees waar die hemelse koninkryk hier op aarde gevestig sal wees nie? Sal dit nie 'n samelewing van orde, vrede, hoë sedelike standaarde en voorspoed wees nie? Behoort ons nie die shabbatsgebod in die lig hiervan te sien nie?

2. Lees Spr. 28:9 en Heb. 10:28 en 29. Kan ons dit bekostig om hierdie vermanings te ignoreer?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.